




# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 17 APRIL 2016**

*Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."* ***Johannes 20: 29***

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Middestad Evangelisasie Kaapstad.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Geen gr 9 kategese nie. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (ds Danie). *Ds Robert is by die Kinderkerk.*

**DEUROFFER:** Spesiale offer Kinderkerk (boeke en uitstappie).

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by Bolandpark.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl.
Donderdag om 09:00 Vleesbaai Bybelstudie.
Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Die groepie bid sedert 2007 saam. Wil jy nie kom inskakel nie? Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds André).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog). Geen Fondsevergadering nie.

***SAAMKUIER NA DIENS:*** *Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar.*

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES VIR BOTSWANA UITREIK:** Daar is nog geskilde perskes vir R80 p/kg beskikbaar en ongeskilde perskes vir R60/kg. Dis ook in pakkies van 500g en 250g beskikbaar. Kry by die kerk-kantoor of by ds Robert (buite kantoorure).

**ROSYNE:** Sal binnekort beskikbaar wees.

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Eljada Nasorg was R2 424-70.

**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!


**OESMAAND KOSKAS:** APRIL is Streek A se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**BRANDWACHT:** Hou gemeentefees op 15-17 April 2016.

**PAASFEES MET BLOMME:** Daar is 'n DVD beskikbaar @ R20 by die kerkkantoor. Die opbrengs is ten bate van die Botswana uitreik.

**Bankbesonderhede:**

*Dankoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 058 0031*
*Geloofsoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 016 7886*




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Rika Stander JB Mullerstr, Alfred Nielson Omicronstr, Annie van der Spuy Santos Haven, Annatjie en Pierre Scott Santos Haven

**STERFTES:** Koos Alberts Da Gamastr (is gedurende die vakansie oorlede).



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir April: Herlewing in ons dorp en land*

*Herlewing is wanneer God sy teenwoordigheid openbaar as 'n oorweldigende werklikheid. Dit laat mens met 'n diep bewuswording van God se grootheid en voortreflikheid en van jou eie onwaardigheid en afhanklikheid van Hom. (Wesley Deuwel).*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Die gemeente - kleingroepe, jeug, eredienste, bedieninge.
* Die wete dat die wêreld en alles en almal aan Hom behoort; Hy is steeds in beheer - tsv talle negatiewe gebeure wêreldwyd.
* Gelukkige huwelike en gesonde gesinne.
* Geseënde dankfees op Vleesbaai.

**Bid hierdie week vir:**

* Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad. Dis 'n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir straatmense, vroue vasgevang in prostitusie en werkloses. MES volg 'n holistiese diensmodel wat bestaan uit drie dienseenhede: "*prevention and intake*" (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas); "*intervention*" (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig) en "*sustainable exit*" (werksgeleenthede, behuising, opvolg).
* Herlewing in ons dorp - redding van misdadigers, die uitdra van die evangelie in werksplekke, eenheid in die liggaam van die Here
* Die Karoo Mighty men byeenkoms die einde April - dat mense die Here sal ontmoet.
* Die naderende Pinkster.
* Ons land en sy mense. Bid dat ons politieke leiers 'n persoonlike ontmoeting mat die Here sal hê; bid dat hulle oë sal oopgaan om Hom in sy grootheid raak te sien.
* Die groep tieners wat Sondagaande in die gat (saal) bymekaarkom.

